BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 21

In Les 20 het die volgende sake rondom groei in die Gees vir ons duidelik geword:
Geestelike groei is 'n gawe van God [Ef.1:3-6].
Geestelike groei is 'n opdrag [1Tess.4:1,3].
Geestelike groei is 'n proses [Heb.12:1-3].
Die wonderlike waarheid is dat God nie net van ons eis nie. Wat Hy vra gee Hy ook aan ons: Hy vra van ons geloof, maar dit is 'n gawe van God. Hy vra dat ons vir Hom moet getuig, maar Hy gee aan ons die Heilige Gees sodat ons kan getuig. Hy vra dat ons die sonde moet oorwin, maar Hy gee ons in Christus daartoe die krag. Hy vra dat ons geestelik moet groei, daarvoor gee Hy vir ons die Heilige Gees.
Geloofsekerheid is 'n vereiste vir geestelike groei.

GEESTELIKE GROEI – OP PAD WAARHEEN?

Die sekerheid dat jy 'n kind van God is, is nie die einde van die pad nie maar die begin daarvan. Nou word dit moontlik om as gelowige te groei. Maar waarheen lei dit alles? Wat is die ideaal wat ons voor oë moet hou wanneer ons van geestelike groei praat?

1. LEES Efesiërs 4:17-24.
   Vers 17-19 beskryf die gevolg van die sondeval. Wat gebeur met die mens wanneer die sonde oorneem?

2. Vers 20-24 sê wat gebeur in gelowiges se lewe waar die skade van die sonde herstel word. Hoe word dit beskryf?

3. LEES Genesis 1:26,27; Efesië4:24; Kolossense 3:10.
   Hoe verstaan u die uitdrukking: die mens is volgens die *beeld van God* geskape?

Die groot ramp van die sondeval, was dat die beeld van God in die mens daardeur geskend is. Die doel van die verlossing is dat die beeld van God in ons herstel moet word [Ef.4:24]. Jesus se volmaakte lewe is die model, die ideaal wat God vir elke Christen het [Ef.1:4]. Dit is die doel van ons verlossing hier op aarde.

VOLMAAK EN VOLWASSE SOOS CHRISTUS.

4. LEES Efesiërs 4:10-16.
   Watter gawes het die Here volgens vers 11 aan sy gemeente gegee toe Hy na die hemel opgevaar het?

5. Waarom het Christus die ampsdraers aan die gemeente gegee? [vers 12].

6. Wat moet daardeur in die gemeente gebeur? [vers 13].

7. Kan 'n mens geestelik groei los van die gemeente, op jou eie?

8. Die kerkraad moet die gemeente toerus vir hulle dienswerk en volwassenheid in die geloof. Binne die Gereformeerde Kerke gebeur dit min of meer met prediking, huisbesoek, kategese en bybelstudie. Maar is dit genoeg? Is die kerkraad werklik ingestel op toerusting of meer op die regeeramp?

B. ANTWOORD.

1. Hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie.
2. Lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.
3. In Genesis 1 vers 26-27 word genoem dat God die mens geskep het as sy verteenwoordiger, as sy beeld. Beeld moet nie hier fisies verstaan word nie. Dit beteken alleen maar dat God die mens gemaak het om, in wat hy doen, die

eienskappe van God te vertoon. Byvoorbeeld: God is liefde, die mens moet ook liefhê.

4. Apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.
5. Om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die gemeente.
6. Ons moet kom tot die eenheid in ons geloof en ons moet so volmaak en volwasse soos Christus wees. Dit beteken dat ons al sy karaktertrekke moet vertoon. Ons hele persoonlikheid moet al meer soos syne word. Dan word ons volwasse in die geloof.
7. Dit is nie moontlik nie. Volgens vers 16 pas die verskillende liggaamsdele [lidmate] bymekaar en vorm saam 'n eenheid. So bou die liggaam homself op in liefde onder leiding van die kerkraad deur Woord en Gees.
8. Eie antwoord.

****